LAMP

Dirkie Smit

NAGEDINK OOR DIE LEES VAN DIE BYBEL VANDAG DEEL 4

Lees: Ps 119:103-106; 2 Tim 3:14-4:5; Rom 12:1-2

1

Rigsnoer

Die lewende God praat met ons deur sy Woord en Gees, asof met sy eie stem, in die hede. So word die Heilige Skrifte vir ons soos 'n spieël waarin ons leer kyk, maar ook soos 'n bril waardéúr ons leer kyk. Maar dis nie al nie. Die tradisie ken ook nog ander beelde vir die werking van die evangelie, vir die rol van die Woord.

Een daarvan is dat die Woord ons ook leer hoe om te lewe. Die Woord is ook 'n rigsnoer vir ons gedrag. Mense van die Boek kyk, dink en oordeel nie net anders nie, maar lééf en dóén ook anders. Die Woord is 'n rigsnoer vir ons lewe, 'n norm, dit help ons goed van kwaad onderskei. Dit vorm ons karakter, maak van ons nuwe mense, laat die ou mens afsterf en ons opstaan in 'n nuwe lewe. Dit onderrig ons, berei goeie werke voor sodat ons daarin kan wandel, heilig ons, vernuwe ons. In Psalm 119 se beeld: Die Bybel is 'n *lamp* vir ons voet en 'n lig vir ons pad.

2

Lamp

Ons vind dié gedagtes dwarsdeur die Bybel. Soos in 2 Tim. 3, waar Paulus duidelik maak dat die Heilige Skrifte – in sy tyd nog nie ons volle Bybel nie – twee dinge doen. Dit wys ons hoe om gered te word – én hoe om te leef. Dit leer ons die nodige kennis tot verlossing deur die geloof in Jesus Christus – soos 'n *stem* en *spieël* – hoe sulke verloste mense behoort te dink – soos 'n *bril* – maar óók hoe sulke verloste mense hulle behoort te gedra, in konkrete, alledaagse situasies en verhoudinge – soos 'n *lamp*.

Die hele Skrif, skryf hy, is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek. Waarom? Sodat die mense wat aan God behoort volkome voorbereid en toegerus sal wees vir elke goeie werk (3: 16-17). Dis merk-

waardige woorde! Dan verduidelik hy wat die evangelie doen in dié proses van onderrig, vorming, voorbereiding en toerusting (4:1-5).

3



Romeine maak dieselfde punt, net nog helderder en sterker. Hoofstukke 1-11 sit die evangelie van Gods genade in Jesus Christus uiteen. Daar hoor ons die boodskap van verlossing, daar kyk ons in die spieël van Gods liefde. Dit loop uit op die lofprysing van 11: 33-36, 'n uitroep van verrukking. Dan gaan Paulus oor – in hoofstukke 12-15 – na gevolgtrekkings uit dié evangelie van Gods vrye guns, praktiese implikasies wat daaruit vloei vir ons alledaagse lewe, die konkrete neerslag wat dit behoort te vind in ons gedrag, gesindhede, optrede, lewenstyle. Hy gaan oor van die uiteensetting van die evangelie na die uitlewing daarvan, van geloofsleer na etiek, van wat hierdie goeie God in Jesus Christus vir ons gee na wat Hy van ons vra. Hy vertel uitvoerig, met praktiese voorbeelde, hoe mense se lewe lyk wat die stem gehoor het, in die spieël gekyk het, en begin om deur die bril van die evangelie te sien.

In hierdie oorgang tussen hoofstukke 1-11 en hoofstukke 12-15 is verse 12:1-2 soos 'n skarnier,'n brug. Hier word duidelik hoekom en hoe die etiek van 12-15 vloei uit die evangelie van 1-11. En nou, sê Paulus, letterlik: nou dan, in die lig van Gods vrye guns, dié dringende beroep: op grond van dié groot ontferminge van God, gee julself aan hierdie God as lewende en heilige offers, vir Hom aanneemlik. Letterlik: wy jul liggame, jul-lewens-in-die-openbaar, dit wat mense van julle sien en ervaar, jul alledaagsheid, jul konkrete, volle menslikheid, kortom, julleself-met-alles-wat-julle-doen-en-is; wy julleself as offers aan hierdie God. Dis – sê hy – die wesenlike van julle godsdiens. Letterlik: dis julle logiese erediens, julle *logike latreia*. Dis redelike, geestelike, ware, egte, eintlike, régte erediens. Dis doelbewus kultiese taal, offers en erediens, om glashelder te maak: egte erediens, die egte diens aan God waartoe die evangelie roep, geskied deur ons lewe, deur ons liggame, hande, voete, monde, ín die wêreld, tússen mense, ín God se skepping. Dís ware godsdiens. Egte erediens begin eintlik eers as die erediens Sondae uitgaan! Dán wil die evangelie van die grote ontferminge van God in ons hande en voete kry! Kerkklokke behoort eintlik Maandagoggende vroeg te lui om ons hieraan te herinner!

Om Romeine, ja, die evangelie en die Bybel te verstaan, skryf Barth by dié verse, behoort ons altyd te lees met die Bybel in die een en die koerant in die ander hand. Die Bybel wil juis met ons praat oor die wêreld van die koerant. Die Bybel bereik eers sy doel as ons in die alledaagse wêreld, die samelewing van die dagblaaie, nuus, radio en televisie, ánders leef, as mense aan die God van grote ontferminge gewy, as lewende, heilige en aanneemlike offers.

Hoe gebeur dit? As ons leer onderskei wat die goeie wil van God is (12:2). Dié woord *dokimazein* is vir Paulus van sleutelbelang. Daarvoor bid hy telkens vir die gemeentes in sy briewe, dis die verligte oë van die verstand, die geestelike bril, die oordeelsvermoë, sensitiwiteit, fyn aanvoeling, onderskeidingsvermoë – nie net dat ons anders sal dink nie, maar ook dat ons anders sal handel, sal leef, sal wórd.

Ons moenie langer aan die wêreld gelykvormig wees nie (12:2), maar God toelaat om ons denke te vernuwe. Wêreldgelykvormigheid beteken vir hom om volgens die skema, die patroon, die styl, verwagtings en waardes, die prioriteite en drome, die vanselfsprekendhede, norme en gewoontes van die wêreld te leef. Om maar net te wees soos almal. Te doen wat almal doen, na te jaag wat almal najaag, te begeer wat almal ook maar begeer – soos mense wat nié die stem hoor, in die spieël kyk, deur die bril leer sien nie.

Só moet ons nie langer leef nie, maar voortdurend verander word, vernuwe, letterlik metamorfoses ondergaan, gedaanteverwisselings – nuwe mense, voortdurend, ons lewe lank, blywend nuutgemaak deur die evangelie van Gods grote ontferminge.

4

Só word die Bybel 'n lamp vir ons voet en 'n lig vir ons pad. Vir baie mense is dit dalk die heel belangrikste rol van die Bybel in hul lewe. Dis wat hulle van die

Bybel verwag. Dis wat hulle dink die Bybel se eintlik doel en funksie is. Wat sê die Bybel oor dit, wil hul weet. Is dié soort gedrag toelaatbaar volgens die Bybel? Of is dáárdie soort doen dalk sonde, on-Bybels? Wat is die Skriftuurlike standpunt oor dié of dáárdie, wonder hulle. Wat sê die Bybel – oor homoseksualiteit, doodstraf, aborsie? Noem maar die vrae. Wat is geoorloof? Wat mag, en wat nie? Wat sê die Bybel?

Maar met dié soort vrae moet ons fyn trap. Die Bybel is nie 'n wetboek nie. Dis nie daarvoor gegee nie en ons moet dit nie as een wil gebruik nie. Dis nie 'n tydlose geskrif met honderde reëls, standpunte, voorskrifte en morele uitsprake wat net direk aangehaal en toegepas kan word sodat ons vandag presies weet wat reg en verkeerd is nie. Dit kan te maklik lei tot misbruik van die Bybel, teen sy aard, bedoeling en gesag in, tot misbruik waarin ons by al ons goeie bedoelinge dalk tekste laat buikspreek om te sê wat ons graag wil hê dit moet sê, om met God se gesag eintlik ons eie menings te versterk. Male sonder tal het die kerk al presies dit gedoen, meermale met bittere, droewige, ook liefdelose gevolge.

Dis nie die manier waarop die Bybel 'n lamp en 'n lig is nie. Vir seker, die Bybel is 'n lamp vir ons voet! Die Bybel is in staat om die mense van God volkome voor te berei en toe te rus vir elke goeie werk! Die kerk bely dit in sterk taal, en sê dat die Bybel daarvoor genoegsaam is, duidelik en gesaghebbend! Maar die Bybel doen dit eerder deur ons te vernuwe, deur ons te verander, deur ons geestesoë te gee, onderskeidingsvermoë, wysheid, die fyn aanvoeling om te kan onderskei waarop dit aankom.

Daarom moet ons dalk eerder vra: wat sê die ménse van die Boek? Wat sê die gemeente van Jesus Christus, wat die stem gehoor het, in die spieël kyk, met die geestelike bril leer sien, wat voortdurend biddend pleit om onderskeidingsvermoë, dat God deur sy Woord en Gees hulle mag lei om in hulle konkrete, ingewikkelde tye te kan onderskei wat Gods wil is, vir Hom goed, aanneemlik en volmaak?

Natuurlik laat die Bybel hulle daarmee nie alleen nie, inteendeel. Die Bybel is vol konkrete en heldere riglyne en norme en voorskrifte en beginsels en waarskuwings en voorbeelde en beskrywings. Die een evangelie waaier uiteen in talle gebooie, eise, appèlle en voorskrifte, en almal saam help die biddende gemeente om as volwasse gelowiges saam te kan onderskei waartoe hulle geroep word. Die kerk ken talle sulke evangeliese motiewe waarmee hulle probeer saamvat en bely wat hulle in die Woord hoor. Sekerlik skyn dié lamp in die duister van ons dae en verlig die Woord ons pad elke dag op tallose maniere – maar nié sommer deur dit-sê-die-Bybel-en-daarmee-is-alles-afgehandel-en-alle-gebed-onnodig-en-alle-gesprek-verby nie. Wie verder lees in Romeine sien oombliklik hoe dié lamp ons pad verlig.

5

Praktiese gedaanteverwisseling

Help die medegelowiges in hul nood en lê julle toe op gasvryheid, sê die evangelie (Rom 12:13). Dié voorskrif is tog helder, geldend en gesaghebbend – maar wat beteken dit presies? Wat vra dit prakties van elkeen van ons? Sal ek die oomblikke herken as ek dit moet beliggaam? Dáároor moet ons nadink en bid, saam besin, praat en soek, en selfs dán mag ons dalk nog verskil van mening, mag een só gelei voel en iemand anders weer só.

Moet jou nie deur die kwaad laat oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie (12:21). Wat vra dít prakties van ons? Wees aan niemand iets skuldig nie, behalwe om mekaar lief te hê (13:8). Wat beteken dít? Die liefde doen die naaste geen kwaad nie (13:10) – so wat vra dit? Moenie iets doen wat jou broer of suster kan laat struikel nie (14:13). Ja, maar wat bring dit alles mee? Aanvaar mekaar soos Christus ons ook aanvaar het, tot eer van God (15:7). Soos Christus? Moet ons mekaar só aanvaar? Wat sou dit regtig van ons vra?

Dié voorbeelde kan vermenigvuldig word, uit die hele Heilige Skrif. Die punt is egter duidelik. As mense wie se lewe gedaantewisselings ondergaan deur die grote ontferminge van God, wat sê óns, en hoe leef óns, vandag? Hoe wandel óns in die lig van hierdie lamp wat ons lewensweg verlig?

Volgende keer: die Woord as 'n Huis ...